7 Junie 2020

FAMILIE TUISBLAD

Genesis 1:1-2:4a

ons storie

Genesis beteken “oorsprong” of “bron”. Miskien is dit goed om te dink oor die oorsprong van 'n paar van julle gesin gewoontes en familie gebruike.
Probeer agterkom wat daarvan kom al jare aan en watter een is dalk 'n onlangse gebruik oor die nuwe omstandigheid waarin ons is. Dalk kan julle op die oudste gebruik probeer terug gaan deur vir 'n oupa of ouma daaroor uit te vra.

ons nuwe storie

As families of in sommige verhoudings waarin ons staan is daar ook maar nog leegheid en onbewoonbaarheid.
Watter kan jy met die hulp van die Here nuut begin om daardie verhoudings wat ook nou woes en leeg en onhoudbaar is te herstel.

GOD se storie

Genesis is soos almal weet die eerste boek van die Bybel. Die eerste hoofstuk doen moeite om te vertel dat dit God is wat geskep het deur sy Woord en en Gees.
Dis belangrik om raak te sien hoe dit hoofstuk verduidelik dat sonder God die aarde woes en leeg en onbewoonbaar was.
Dit gee ons 'n eerste baie belangrike boodskap van die waarde wat God vir ons het. God kom skep 'n leefbare vredevolle vol realiteit!

Rituele en gewoontes

Die Here kom skep 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde en gee dit vir ons om te kom bewoon en bewerk.
Doen die week moeite om te kyk hoe julle iets in die natuur kan herstel. Dalk is daar indringer plante wat jy kan gaan uittrek al is dit net in julle tuin of dalk in 'n naby parkie. Of gaan plant iets op plekke wat nou lelik en leeg is.
Doen die week iets om saam met God te herskep aan 'n aarde wat op plekke weer woes en leeg geraak het.